# Bestuur van rooikatte

As jy roofdiere suksesvol wil beheer en bestuur, móét jy hulle verstaan en hul gewoontes ken, sê Niel Viljoen, bekende roofdierkenner. In dié artikel gee hy praktiese riglyne vir die bestuur van rooikatte. Dit is 'n uittreksel uit 'n DVD oor sy bestuursprogram waarmee hy reeds groot sukses behaal het. Die DVD is by die NWKV beskikbaar.



Photograph © Mitch Reardon/Getty Images/Gallo Images

Die rooikat vang dikwels 'n paar aande ná mekaar en verdwyn weer vir weke.

Voordat 'n boer roofdiere op sy plaas kan beheer, moet hy nie net die spesies identifiseer nie, maar ook hulle gewoontes ken, sê Niel Viljoen, skaapboer van Loxton en een van die land se voorste roofdierkenners.

Net soos jakkalse het rooikatte ook vaste gedragpatrone. Hulle leef egter langer – tussen 10 en 15 jaar en is gewoonlik enkellopend, maar in sekere territoriale gebiede kom daar dikwels 'n mannetjie en twee wyfies voor.

Rooikatte het nie 'n spesifieke broeityd nie, maar paar gewoonlik in die somer en is vir sowat 80 dae dragtig. Werpsels kan wissel van een tot vier, maar die algemeenste is twee kleintjies. Die kleintjies begin op ses weke reeds selfstandig jag en verlaat die ouers op 10 maande.

Die diere kom in 'n verskeie habitatte voor, maar verkies droër, oop gebiede. Hulle drink heelwat minder water as jakkalse. Hulle loopgebied kan wissel van 6 tot 30 km$^2$.

## Vreetgewoontes

Rooikatte is opportunistiese vreters en vreet enigiets van reptiele, voëls, muise, hase en dassies tot kleinerige tot mediumgroot wild en kleinvee. Hulle is baie lief vir dassies.


Photograph © Nigel J Dennis/ Getty Images/Gallo Images

Hulle vang hul prooi op 'n bepaalde manier – altyd aan die nek sodat hulle die dier kan versmoor. Hulle sal ook nooit begin vreet voordat die prooi dood is nie en vreet aan die boude, maar nooit die ingewande nie. Die jakkals is weer lief vir die ingewande omdat dit maklik is om na die kleintjies aan te dra.

Die rooikat dra nie kos na die kleintjies toe nie, maar sal die kleintjies eerder na die vangs toe neem om te vreet. Daarom is daar nooit bene rondom die rooikat se lêplek nie.

Die beste manier om 'n rooikatvangs te identifiseer, is om die vel van die karkas af te slag en teen die lig te hou. By die nekgedeelte sal vier gaatjies duidelik te siene wees waar die rooikat sy prooi aan die gorrel gebyt het.


Die rooikat vreet gewoonlik aan die boud van die dier en sal nooit soos die jakkals, die ingewande vreet nie.

Omdat die kat dorings op sy voorpote het, sal daar altyd bloed aan die pens van die prooiskaap wees.

Daar is dikwels ook 'n klomp wol om die karkas. Rooikatte is lief om die wol eers uit te trek voordat hulle begin vreet, veral as die wol effens lank is.

## Gedragspatrone

Die vangpatroon van die rooikat verskil baie van dié van die jakkals. Die rooikat sal 'n paar aande na mekaar 'n lam vang en daarna vir vyf tot ses weke verdwyn sodat jy dink die probleem is opgelos.

Die rooikat gebruik bome of boomwortels om sy gebied te merk. Waar daar nie bome is nie, sal hy ook die grensdraadpale gebruik. 'n Merkplek kan geïdentifiseer word aan krapmerke en skaafsels. Daar kan ook 'n paar stukke mis van die kat wees.

Rooikatmis word gewoonlik onder die boom gevind wat as merkplek gebruik word. Die mis bevat gewoonlik baie hare van dassies en baie minder kalk, of witterigheid, as jakkalsmis.

## Identifiseer die probleem

Omdat veeverliese inherent aan veeboerdery is, is dit noodsaaklik dat boere eers alle verliese moet identifiseer en dan op die bepaalde probleme moet fokus sê Niel.

"Roofdiere word te dikwels vir die verliese blameer terwyl bestuurspraktyke dalk die oorsaak kan wees. Jy kan slegs 'n roofdier met 'n karkas in die veld verbind," sê Niel. Dit is ook belangrik om alle veeverliese te identifiseer. As eerste stap moet die droë ooie, ooie wat nie die ram gevat het nie of ramme wat onvrugbaar is, geïdentifiseer word deur die diere te skandeer. Tweedens moet ook na lampersentasies gekyk word.

'n Ontleding van die faktore wat op 'n paar moniteringsplase in KwaZulu-Natal 'n rol in veeverliese gespeel het, het 'n paar interessante syfers opgelewer. Volgens die ontleding was die grootste probleem die lae lampersentasie in die distrik (44%), terwyl verliese weens roofdiere 17% was. Die oorblywende 38% is aan "ander" faktore toegeskryf. Niel wys daarop dat dié statistiek ingesamel is toe dit baie droog was, terwyl Slenkdalkoors ook voorgekom het en 'n groot rol in die verliese gespeel het.


Photograph © Martin Harvey/ Getty Images/Gallo Images


Photograph © Martin Harvey/Getty Images/Gallo Images

**"Rooikatte is opportunistiese vreters en vreet enigiets van reptiele, voëls, muise, hase en dassies tot kleinerige tot mediumgroot wild en kleinvee"**

*In die volgende uitgawe vertel Niel hoe hy van GPS-tegnologie gebruik gemaak het om 'n volledige prentjie van die dierebevolking, wat die roofdiere insluit, op sy plaas te kry.*

**Die DVD oor roofdierbeheer is by die NWKV-hoofkantoor in Port Elizabeth en alle provinsiale kantore beskikbaar en kos R175 (BTW ingesluit, maar posgeld uitgesluit).**